

# braaivleis, sonskyn en... WOESTYN

Wat soek 'n paar duisend Suid-Afrikaners in Katar, 'n klein woestyn-skiereiland aan die Persiese Golf? Groot geld, dankie...

STORIE EN FOTO'S SYBRANDUS ADEMA

**V**erbeel jou 'n vrolike spulletjie Suid-Afrikaners wat Nasionale Braaidag vier – boerewors, tjops, sosaties en braaibroodjies. Hulle neem foto's van mekaar en sit dit op Facebook vir familie en vriende wat ver is.

Algemeen? Ja, maar daar's 'n verskil: Etlike honderde Suid-Afrikaners doen dit op 'n soel Arabiese aand by 'n luukse strandkroeg in Katar aan die Persiese Golf. Hulle trotseer die Midde-Oosterse kultuur en hitte om geld te

Suid-Afrikaners vier Nasionale Braaidag in... Katar.

maak uit veral die gasbedryf, finansiële dienste en die onderwys.

Een van die braaiers, Morné TerBlanche van Jeffreysbaai se wêreld, is reeds vier jaar in Katar. Hy's 'n direkteur van 'n TV-produksie-maatskappy waar heelwat mede-Suid-Afrikaners werk.

“Dit het als so sewe jaar gelede begin toe ons gevra is om 'n reeks te maak oor twee Katariërs in die Suid-Afrikaanse bos. Hulle is met 'n helikopter afgelaai en moes saam met een van die top-veldgidse in Suid-Afrika oorleef.”

Toe Morné hom weer kom kry, was hy op 'n vliegtuig op pad na Doha, die hoofstad. Nes die meeste ander Suid-Afrikaners vind hy die “on-beskrifbare” somerhitte erg én hy mis die groen, maar hy geniet dit om in die woestyn te kom.

“Een van my projekte is om plante te verfilm en te wys hoe hulle van 'n saadjie tot volwasse plant groei. Nie so maklik as jy dink 'n kamera moet 24 uur per dag rol in 50 grade hitte nie.”

Sy werkweek is ses dae lank, maklik 12 uur per dag, maar hy't drome: “My groter plan is om met wild te teel. Ek het reeds twee swartpenskoeie op 'n vriend se plaas tussen Aberdeen en Steytlerville in die Oos-Kaap, en een is dragtig. Hoop maar als werk uit!”

“Dis só futuristies,” beskryf hy die glansende glasstad, Doha.

– AMANDLA PHILANI MPOSULA

'n Vinnige soektog op die internet stuur jou na 'n paar webruimtes vir Suid-Afrikaners in Katar en sosiale groepe op onder meer Facebook. Sascom (South African Social Committee) se <http://southafricansinqatar.netfirms.com> lyk die aktiefste en dis hier waar jy te lese kry dat daar 'n jaarlikse boereworskompetisie in Doha is. Dis ook waar jy agterkom komediant Barry Hilton en sanger Arno Jordaan het al hier opgetree, en Nicolaas Traut bied professionele fotografie-dienste aan. In sy ander lewe is hy die senior IT-strateeg by Qatar Petroleum.

Sy vrou is Liezel Traut, 'n projekbestuurder vir 'n fasiliteitsbestuurmaatskappy en een van die ingeligste mense oor die Suid-Afrikaanse gemeenskap hier. Die gesin is oorspronklik van Kaapstad en nou al agt jaar in Katar.

Liezel reken die meeste Suid-Afrikaners is gelukkig daar (baie is “Golf-vlinders”, wat van een land na die ander agter geleentheid en nuwe ervarings aantrek) en soos almal verwys sy na die goeie, belastingvrye geld, die fantastiese onderwys, vriendelike Katariërs en algemene veiligheid. Die land is 12de op die lys van

Vision of Humanity se Globale Vredesindeks 2012 (SA is 127ste), maar nie juis hoog op wat menseregte en politieke vryhede betref nie.

Met 'n groeikoers van 19% in 2011, die hoogste inkomste én hoogste bruto binnelandse produk (BBP) per capita ter wêreld (die BPP vir die tweede kwartaal vanjaar was oor die R420 miljard) is dit g'n wonder dat immigrante van oral instroom nie.

Dis dalk meer as 'n eeu later, maar die gasstormloop na Katar herinner aan die goudstormloop na Johannesburg aan die einde van die 19de eeu.

“Ons het 'n besige sosiale lewe,” sê Liezel. “Hier's wêreldklas-sportgeleentheid en internasionale kulturele aktiwiteite. Baie restaurante en koffiewinkels. Ons is verseker van goeie werk, kan bekostig om onself te bederf, te reis en eiendom in Suid-Afrika aan te skaf vir eendag. En ons probeer ook ons twee meisiekinders – Nicolette (21) en Stephanie (20) – deur universiteit in Kaapstad kry.”

Wat die *expat* versus plaaslike kultuur betref, reken sy die Katariërs is in die algemeen

## Die gas-stormloop na Katar herinner aan die destydse goud-stormloop na Johannesburg.

verdraagsaam, “behalwe op die paaie, daar is hulle 'n bietjie arrogant en onverskillig”. (Die getal voertuie in die land het oor die laaste dekade verdriedubbel en 2010 is gekenmerk deur 140 000 ongelukke.)

### DAAR'S WATER!

Tientalle kilometers buite Doha, op een van die gevaarlike maar supernuwe snelweë, is 'n oase in die woestyn – Aquapark, met sy reuse-waterwurms, seerwertemas, swempoele en 'n nagemaakte watergrot. Dis hier waar die senior lewensredder Amandla Philani Mposula van Umlazi, Durban, vanuit sy uitkykstoel 'n wakende oog hou oor die mense wat in die deiningpoel se “golwe” rondplas. Amandla werk die afgelope paar jaar in Doebai en Bahrein, en die afgelope paar maande in Katar. Kameras is verbode. En dis opsigtelik dat omtrent almal in die water jong mans is.

“Die grootste probleme is ouers wat kom kla oor buitelandse vrouens wat na hulle mening

Katar is 'n reusagtige bouterrein, waar futuristiese stede oornag uit die woestyn opgetower word. Dis juis die kontras tussen die supermoderne en tradisionele wat met 'n eerste besoek aan Doha die grootste indruk maak.

nie genoeg klere aanhet nie. Hulle sê dit veroorsaak ‘probleme’ vir hulle tienerseuns.”

En wat gaan hy met al sy geld doen? Hy's net 22, maar is skugter om te sê hoeveel hy verdien. “Man, my droom is om vir my ma-hulle in Umlazi 'n huis te bou.”

Wat hy die meeste waardeer, is die ongelooflike voertuie en argitektuur.

“Dis só futuristies,” beskryf hy die glansende glasstad, Doha.

Weg van die stad, hoe klink 'n eko-avontuurnag aan die Katariërs, waar 'n groep mense kom kajakke roei onder die volmaan, snorkel,

braai, joga en trom speel? Die meeste is toevallig Suid-Afrikaners, soos Marlene Janse van Vuuren van Pretoria, omgewingshoof van Oryx GTL – Qatar Petroleum >

Die skrywer maak nader kennis met 'n valk. Valke vlieg hier besigheidsklas en het saam met kamele hulle eie hospitale.



en Sasol se gas-na-vloeistof-maatskappy. Sy's al agt jaar hier danksy 'n goeie pakket, baie vakansies en baie reis.

Hoe lank wil sy nog hier bly? Sy antwoord met die algemene Midde-Oosterse uitdrukking: "Inshallah" (soos God beskik).

Die tromdirigent Patrick Dilley, wie se vrou en baba hulle binnekort uit Kaapstad by hom aansluit, bied Wes-Afrikaanse tromlesse en musiek in onder meer internasionale skole aan: "Die Katari's is mal oor die musiek."

Sy grootste frustrasies is dat 'n mens basies alle musiekinstrumente moet invoer. "As jy 'n motor of tegnologie soek, geen probleem nie," sê hy. 'n Sestienjarige Katari-skoolseun wou eenkeer sy persoonlike trom koop – vir meer as eenduisend Amerikaanse dollars. "Toe ek 'nee' sê, het hy nóg geld uitgehaal!"

"Hier's altyd werk," sê Patrick.

Dis 'n weerspieëling van Katar se nuut-gevonde rykdom – nou ook die land met die ergste koolstofvoetspoor per persoon. Omtrent alles word ingevoer om die lugverkoelde lewenstandaard in stand te hou, aldus 'n verslag van die WWF vanjaar. Die ekologiese ramp word vererger deur 'n oorgewig bevolking en dwelmverslawing wat toeneem.

Souq Waqif in Doha. Inkopies, uiteet en vermaak in reusagtige winkelsentrums of souks, tradisionele Arabiese markte, is 'n groot tydverdryf.



**Sauces and Sides** **لحصات والأطباق الجانبية**  
 Roquefort sauce صلصة الروكفور  
 Sauces اللحصات  
 Traditional South African boerewors مفايق جنوب أفريقيا التقليدية  
 Sautéed button mushrooms فطر مقلي بالزبدة  
 Sautéed seasonal vegetables خضار موسمية  
 Creamed spinach سبانخ بالكريمة  
 Baked pumpkin بقطين محبوز بالفرن  
 Asparagus العلبون  
 Crispy fried onion rings حلقات بصل مقليه مقرمشة

**KATAR in 'n kits**

• Katar is 'n monargie met Sy Hoogheid, die Emir Sjeik Hamad bin Thalifa al-Thani,

wat koning kraai. Hy't die mag by sy pa gegryp, wat weer op sy beurt die mag uit 'n nefie se hande geneem het. Albei staatsgrepe was sonder bloedvergieting.

• Die werkweek is van Sondag tot Donderdag, hoewel ekstra werkdade en lang werkure algemeen is. Buitelanders kan slegs hier werk as hulle deur 'n werkgewer geborg word. Uiteindelik is daar altyd 'n Katari-burger (slegs sowat 15% van die bevolking) wat verantwoordelikheid aanvaar vir buitelanders.

Dié omstrede stelsel, wat ook vereis dat jy die land slegs met 'n uitgangspemmit van die werkgewer kan verlaat, is al telkens as moderne slawerny bestempel.

• Op politieke en ekonomiese vlak word die bande tussen Suid-Afrika en Katar al hoe sterker. Sasol en die reusagtige Qatar Petroleum werk nou saam om gas in petrochemiese brandstowwe te omskep.

• Van Mei tot Augustus is die maksimum temperatuur meer as 40°C, soms by 50°C in die skaduwee. Die minimum is gewoonlik meer as 30°C. Die winters is matig.

**MAAR WAAR'S DIE MELKTERT?**

Terug op die internet sien ek melkert en tipiese Suid-Afrikaanse produkte is op talle kuberkleters se versoeklysties. In Katar kan jy wel Ceres-vrugtesap en rooibos tee koop. Hier's ook Annique-produkte en 'n keuse van vyf Nando's-restaurante of The Butcher Shop and Grill as 'n hoender- of vleislu jou beetpak. Heimwee? Wel, op die plaaslike OSN Sport3-satellietkanaal kon jy die Curriebeker-rugbykompetisie in Suid-Afrika volg...

In een van die plaaslike koerante staan: "South African Female, experienced professionally in HR, Administration..." Ek skakel en vind Charmaine Roux van Pretoria, wat al vier jaar hier werk.

"Die Arabiere kom voor as intimiderend, maar dis glad nie so nie. Dis 'n vriendelike en baie behulp same nasie." Sy reken diskriminasie teen vroue is nie so 'n groot probleem nie. "As jy goed is in jou werk, kry jy erkenning. Persoonlik verkies ek Arabiese geselskap. Jy weet presies waar jy met hulle staan. En alles is van die beste."

Tussendeur ontmoet ek ook van die talle Suid-Afrikaners wat die berugte rondloperkatte van Katar aanneem. Die katte is dekades gelede ingebring om die rotprobleem onder beheer te kry, maar nou eet hulle net uit die oorvol rommelhope...

Soos die bedreigde plaaslike Arabiese gemsbok (*oryx leucoryx*) is die Suid-Afrikaners hier om te bly. Dis bloot 'n kwessie van aanpas en oorleef – met goeie geld. **mt**

\* Sybrandus Adema het onlangs sewe weke in Katar deurgebring waar hy genoeg geld in die TV- en mediabedryf verdien het vir sy verdere reis in Suidoos-Asië. Hy't ook 'n blog – [www.bisarkatar.wordpress.com](http://www.bisarkatar.wordpress.com) – oor sy tyd daar.

**En dis belastingvry!**

**Hoe goed is die (belastingvrye) geld werklik wat jy in Katar kan verdien?**

• 1 Qatari Riyal (QR) is sowat R2,40.  
 • 'n Onderwyser verdien tussen 10 000 en 15 000 QR per maand; 'n siviele ingenieur 20 000 - 33 000 QR; 'n verpleër 8 000 - 18 000 QR (daar's 'n tekort), en 'n rekenmeester 17 000 - 25 000 QR.

• Die meeste maatskappye, skole en hospitale bied 'n kombinasie van verblyf, daaglikse toelaag, vlugkaartjies en mediese versekering, en 'n eenmalige bonus as jy 'n langer kontrak voltooi.

• Kospryse is vergelykbaar met Suid-Afrika (dus, wat jy in rand sou betaal, betaal jy ook in riyal), maar uiteet is duur, veral alkohol (vir 'n bier betaal jy dat jy hik: 35 QR). Goeie koffie kos 12 - 30 QR in 'n restaurant, maar jy kan 'n hele pak goeie koffie in 'n winkel koop vir net 12 QR.  
 • Petrol kos net 1 QR per liter!